# BOEKBESPREKINGS

DE VILLIERS, PIETER, G.R. *red.* 1989. The Bible and stress. Pretoria : University of South Africa. 159 p. R28 + AVB.

Hierdie werk is 'n samevoeging van artikels wat in Julie 1988 tydens 'n seminaar oor *The Bible and stress* by die universiteit van Suid-Afrika aangebied is deur die C.B. Powell Bybelinstituut. Elf referente het bydraes vir die boek gelewer. 'n Eerste oogopslag oor die inhoudsopgawe laat die poging om gesond eietyds te wees, duidelik word.

Die inleidende artikel, "The image of man - an Old Testament perspective" (P.J. van Dyk) bring die skrywer tot die konklusie - na 'n ontleding van gegewens uit Genesis 1-11 - dat stres ervaar word omdat 'n mens vasgevang is tussen goed en kwaad en dat juis "godsdiens" hierop sekere antwoorde kan bied.

In die artikel van Van der Heever, "Neighbourliness and the alleviation of stress - perspectives from the New Testament" - word aandag gegee aan faktore wat die Christelike gemeenskap in die tyd van Paulus verbreek het, asook aan die herstel van gemeenskap. Hier kom verrassende gesigspunte na vore, hoewel die toepassing vir die praktyk van streshantering ontbreek.

Die derde artikel, "Religion as neighbourliness? The phenomenon of stress in the framework of human meaning and goals" (E. van Niekerk) - handel oor sekere "voorvrae" (godsdiens, stres, Bybelgebruik) en bied daarna verskillende perspektiewe op godsdiens naamlik van die kant van God (!), van die mens, as ervaring van die wêreld, as anker. Daarna word afgesluit met 'n verkenning van die betekenis van *liefde tot God en liefde tot die naaste.* Rondom hierdie outeur se openbarings- en ervaringsbegrip sou vrae gestel kon word (vgl. p.40-41). Die kernsaak hier is dus dat God Homself openbaar aan ons en nie dat ons deur ervaring kom by God se openbaring van Homself nie.

M.H. Keane wy sy artikel aan "A theology of labour, taking into account the stress factor". Hierdie is 'n besonder deeglike artikel. Dit behandel eers die vraagstuk in die vroeë Christendom, by Augustinus, ook in die Middeleeue, tydens die industrieële rewolusie en in die vakbondbeweging.

'n Leemte in hierdie artikel is dat dit 'n weergawe van grepe uit die geskiedenis bied - en dit word goed gedoen - sonder om die Suid-Afrikaanse situasie genoegsaam te betrek of aan te toon hoe dié situasie tot stres (kan) lei.
'n Leemte van dieselfde aard word waargeneem in die bydrae van Kowie, "A biblical approach to sickness, suffering and death". Hierdie artikel is besonder gebalanseerd aangebied en toon teologiese diepgang, maar die sentrale tema van die boek word

hierin nie geïntegreer nie.

Horn fokus op "Political tension - a prophetic answer", sonder om die lyn na stres deur te trek.

Die bydrae van Potgieter "Combat - Stress reactions", behandel stres by die soldaat vanuit 'n psigiatriese hoek, terwyl Du Toit op die voorkomende maatreëls vir die bekamping en hantering van stres ingaan.

Jordaan bepleit begrip vir "Societal stress and coping behaviour in the South African context" terwyl De Jongh van Arkel die "nuwe" veld betree van "Family stress in the eighties: being separate together".

Die sterk punt van hierdie wetenskaplike artikels is dat hulle byderwets is. Stres is vandag 'n faktor en daaroor moet vandág wetenskaplik besin word. Die leemte is dat nie alle artikels genoegsaam met die sentrale tema geïntegreer is nie.

Ek beveel graag die werk aan vir predikante en mense in die sogenaamde hulpprofessies.

C.J.H. Venter

VAN BRUMMELEN, HARRO. 1989. **The New Christian Right and North American Education.** Reeks F1, no. 258. Potchefstroom : Instituut vir Reformatoriese Studies/ PU vir CHO.

In hierdie kort werkie van 31 bladsye gee die outeur, 'n bekende opvoedkundige in Christelike kringe in Noord-Amerika en ook in Suid-Afrika, 'n oorsig van die ontstaansgeskiedenis van die New Christian Right en die onderwys in die VSA en Kanada. Vir iemand wat nie reeds taamlike goeie agtergrond oor hierdie beweging (wat die afgelope 15 jaar in Noord-Amerika groot vooruitgang getoon het) het nie, mag dit beteken dat hy die boekie twee- of selfs driemaal sal moet lees. Dit is klaarblyklik nie vir Suid-Afrikaanse lesers in eerste instansie geskryf nie, maar wel vir Noord-Amerikaanse lesers wat 'n voëlvlug-beeld van die gebeure in Christelike onderwyskring benodig. Die skrywer ag dit byvoorbeeld nie nodig om presies die ontstaansgeskiedenis en die samestellende groepe van die beweging te beskryf nie aangesien hy veronderstel dat sy lesers vertroud is daarmee. Om hierdie rede word onderskeidings soos *fundamentalistiese, rekonstruksionistiese, Christelike, anabaptistiese, (hipercalvinistiese)* baie moeilik om te verstaan. Desondanks is die breë strekking van die werkie waardevol vir die Suid-Afrikaanse leser om van kennis te neem.
Van Brummelen gee aan verskeie aspekte van die onderwys in Noord-Amerika aandag, en wys dan veral op die reaksie van die New Christian Right op die sekularisme van die openbare skole. Veral van betekenis is die stigting van privaatskole deur

die New Christian Right, en die neiging om die kinders tuis te laat "skoolgaan". So hier en daar skemer dit deur dat Van Brummelen simpatiek staan teenoor die New Christian Right, maar oor die algemeen probeer die skrywer so onbetrokke as moontlik staan. Hy wys byvoorbeeld op verskillende gevalle waarin die voorstanders van die New Christian Right hofsake verloor het. Aan die ander kant toon hy dat dié groep wel invloed op die onderwys in die VSA het, aangesien hulle reaksie dreig om die openbare skoolstelsel te verongluk.

Kortom, die leser sal die werkie geniet indien hy 'n bietjie agtergrond oor die onderwys in Noord-Amerika (die VSA en Kanada) het, maar hy sal daarsonder sukkel om die strekking presies te volg. Verder sal hy onder die indruk kom van die oorgawe en ywer waarmee die New Christian Right die sekulêre humanisme in die openbare skool die stryd aansê, maar hy sal daarteen moet waak om te meen dat hierdie selfde soort reaksie op die openbare onderwys in Suid-Afrika moontlik is. In die VSA en Kanada is skoolgaan nie verpligtend nie; leerplig wel, en dit moet aan sekere vereistes voldoen. In Suid-Afrika is alle kinders skoolpligtig, maar privaatskole word geduld mits hulle aan sekere voorwaardes voldoen.

Tegnies is die boekie - eintlik 'n brosjure - goed afgewerk. Die rekenaargedrukte teks kon van beter gehalte gewees het, maar is goed leesbaar. Die taalgebruik van die skrywer is goed, maar is hier en daar filosofies-opvoedkundig ietwat te tegnies om maklik gevolg te word deur 'n leser sonder die relevante agtergrond. Desnieteenstaande moet waardering uitgespreek word vir die feit dat hierdie werkie die lig gesien het: dit wys op problematiek in die openbare onderwys in baie Westerse lande wat dieper lê as die bloot alledaagse en sigbare; dit dring deur tot die filosofie en opvoedkundige veronderstellings wat die onderwys - ook die sogenaamde neutrale onderwys van die openbare skole wat deur die staat bedryf en finansieel ondersteun en gedra word - ten grondslag lê.

J.L. van der Walt

MOFOKENG, T.A. 1983. **The Crucified among the Crossbearers: Towards a Black Christology.** Kampen : Kok. 263+ bll. Prys R18,93.

In hierdie proefskrif word 'n aktuele, maar swaarwigtige onderwerp behandel omdat die Swart Teologie so 'n swaar aksent plaas op die dikwels onmenslike toestand van swartmense. Dit is immers onmoontlik om met hierdie soort literatuur op 'n onbewoë en ongeraakte wyse om te gaan.

Die proefskrif bestaan uit vyf hoofstukke. In die eerste hoofstuk gee die skrywer aandag aan die ontstaan en inhoud van Swart Bevrydingsteologie. In hoofstuk twee ontleed hy die Christologie van veral J. Sobrino, maar hy gee ook aandag aan

Gutierrez. Hoofstuk drie handel oor die Christologie van Barth, soms in noue aansluiting by Sobrino, en eintlik nog meer by Cone. In die laaste en vyfde hoofstuk word 'n eie swart Christologie van bevryding ontwikkel. Dit is egter nie altyd duidelik hoe die skrywer in hierdie hoofstuk by die vorige vier aansluiting vind nie sodat die vraag selfs gestel kan word of die eerste vier hoegenaamd nodig was om die laaste te kon skryf.

Nagenoeg al die kenmerke van die Swart Teologie word hier teruggevind. Die religieuse onderskeiding *geloof/ongeloof* word vervang met die sosiale onderskeiding arm/ryk (48). Soos so dikwels in die Wit Teologie terug te vind is waar die Afrikaner met Israel geïdentifiseer is, word ook hier in die Swart Teologie die swartmense met Israel gelykgestel - vergelyk die eksodusmotief. God is aan die kant van die verdruktes en armes. Jesus is hier, anders as by die pasifisme. 'n rewolusionêr. Soms beweeg die skrywer op die rand van die sunergisme (87). Daar word nie tussen verlossing en bevryding onderskei nie, aangesien so 'n skeiding ongeoorloof is (236). In die slothoofstuk word baie aandag aan die *struggle* bestee, maar die áárd van die stryd word nie nader gepresiseer nie.

'n Hele reeks vrae bly onbeantwoord. Dat die Here God "op 'n besondere wyse die God van die armes is", kan moeilik ontken word; maar om daarvan 'n "teologie van die armes" te maak, bring 'n groot aantal teologiese vrae met hom mee. Was daar nie ook (verloste) ryk Israeliete tydens die uittog nie? Was daar nie ook (verworpe) arm Kanaäniete by die intog nie? Is daar nie ook sonde, diskriminasie en onreg onder die armes vandag nie (vgl. die posisie van die swart vrou)? Moet die swart vrou ter wille van vryheid en regverdigheid 'n rewolusie teen die swart mans ontketen? Waarom het Christus nie 'n rewolusie volgens die geweldprinsipe (Zelote) ontwikkel nie? Waarom het Hy selfs nie slawerny (rewolusionêr) afgeskaf nie?

Sulke vrae kan natuurlik uit hoogmoed gestel word en dan is dit met alle kritiek mis. Begrip sluit kritiek nie uit nie, soos kritiek ook nie sonder begrip mag plaasvind nie. Méér as begrip is selfs nodig. Ook empatie. Selfs solidariteit. Want al is die *antwoorde* van die Swart Teologie nie altyd verantwoord en aanvaarbaar nie, bly die *vraagstelling* nog altyd relevant en dringend.

Ons sal moet leer om die gevare van sowel wit as swart kontekstuele teologie te vermy. Ons sal moet leer om erns te maak sowel met die Heilige Skrif as met die konkrete menslike situasie, maar sonder dat die situasie die Skrif oorspoel en verduister. Alle goeie teologie is op 'n konkrete situasie afgestem en as sodanig "kontekstueel", maar dan op so 'n wyse dat die mens voor die evangelie buig en nie die evangelie voor die mens nie. Daar rus 'n ontsaglike groot verantwoordelikheid op swart en wit teoloë uit Afrika om, noudat ons elk 'n beurt gekry het om afsonderlik en apart na die Woord te

luister en so apartheidsteologie beoefen, 'n keer sáám daarna te luister ten einde te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek (Ef. 3:18).

J.H. van Wyk

LANGLEY, M.R. 1989. **Groen van Prinsterer 1801-1876.** Potchefstroom : IRS/PU vir CHO. 16 p. Prys R5.00. Bestel van IRS, p/s X 6001, Potchefstroom 2520.

In hierdie publikasie word 'n beknopte oorsig oor die lewe en werk van Groen van Prinsterer gegee. Dit begin by sy jeug- en studentejare. Hierdie briljante jongman het op een dag, (op die leeftyd van 22 jaar) twee doktorsgrade van verskillende universiteite ontvang!

Die boekie teken die geestelike groei en sosiale bewuswording wat Groen van Prinsterer deurgemaak het.

Die omstandighede rondom die ontstaan van belangrike geskrifte van Groen van Prinsterer soos *Ongeloof en Revolutie* en *Handboek der Geschiedenis van het vaderland* word geskets. Daarna word sy lewens- en wêreldbeskouing, soos uit sy vernaamste geskrifte blyk, uiteengesit. Sy politieke loopbaan word bondig behandel.

Baie belangrik is die paragrawe onder die opskrif: "Groen se grootheid en sy betekenis vir vandag". Sy anti-rewolusionêre boodskap is met die oog op vandag se tydsomstandighede weer eens brandend aktueel - ook in Suid-Afrika.

Die beknopte literatuurlys aan die end is waardevol vir diegene wat 'n verdere studie van Groen van Prinsterer wil maak.

Die waarde van hierdie werkie bestaan daarin dat dit op 'n eenvoudige, saaklike manier 'n goeie kennismaking met die belangrike figuur van Groen van Prinsterer bied. Jammer van 'n paar druk- en taalfoute. Die lees hiervan word van harte aanbeveel.

P.W. Buys

VAN DER MERWE, D.C.S. 1989. **'n Watermodel vir die kosmologie of God se twee boeke.** Noordbrug : Khomas. R14,00.

In hierdie brosjure van vyftig bladsye tree die skrywer in gesprek met uitsprake van moderne fisici wat in die Fisika verskillende modelle oor die ontstaan van die heelal aanbied.

Sy uitgangspunt is dat die wetenskap by sy ondersoek van die skepping alleen nie tot 'n volledige en duidelike antwoord *kan* uitkom nie en dat die uitsprake van die Skrif onmisbaar is om werklik verder te kom in die ontwikkeling van wetenskaplike teorie oor die ontstaan van die heelal.

Van der Merwe spreek hom sterk uit teen alle vorme van *uniformisme* - 'n uitgangspunt wat beweer dat daar alleen *endogene* kragte gewerk het aan die totstandkoming van die heelal. Hy stel hom dan op die standpunt dat *eksogene* kragte gewerk het en in hierdie verband bring hy dan die gegewens van veral Genesis 1 en 2 ter sprake.

'n Verdere belangrike uitgangspunt van die skrywer is dat hy sowel die eenheid as die verskeidenheid in die skepping wil respekteer en daarmee alle pogings tot reduksionisme teenstaan.

Hy maak dan die stelling dat die moderne kosmologie alleen vanuit die "Boek van die natuur" tot sy standpunte kom en daarom word daar baie van aannames en raaiskote gebruik gemaak (10). So ontstaan 'n wetenskaplik *establishment* (812) wat eintlik nie ander standpunte wil eerbiedig nie. Daarteenoor stel hy duidelik dat hy "evolusie verwerp" (13).

Wanneer hy dan by die materie van Genesis 1 en 2 kom, wil hy dit "letterlik-histories" (14) interpreteer en meen aansluiting te vind by Helberg (1988) - *Aspekte van Genesis 1-3 en die natuurwetenskappe.* Dit blyk egter dat so 'n standpunt nie konsekwent deur die skrywer volgehou word nie. So beweer hy byvoorbeeld dat die waters in Genesis 1:2 nie $H_2O$ is nie (23) en kom dan tot die slotsom (24) dat dit "iets soos 'n swart kolk, nie noodwendig deur swaartekrag veroorsaak" is nie. Hy noem dit self 'n "raaiskoot" (26). Daarin lê wel beskeidenheid wat die noodsaaklikheid van verdere navorsing beklemtoon, maar dit wek by die leser andersyds ook weer die indruk dat die oplossing ook nog nie hier gebied word nie.

So gee die skrywer toe dat daar tog ook die moontlikheid bestaan van "'n proses" wat vanaf die een skeppingsdag na die ander skeppingsdag loop (28).

Die skrywer gaan dan daartoe oor om sy *watermodel* aan te bied waarin rekening gehou word met *eksogene* kragte en teen die *uniformistiese* model standpunt ingeneem word.

Hy sluit hierin aan by die verskillende reaksiepatrone van water (37) wat vanaf damp- tot ysvorming kan bestaan en daarin sien hy dan 'n ooreenkoms met die eerste vier skeppingsdae. Die vraag kan seker gevra word of die skrywer nie hiermee op 'n geforseerde manier die Skrif daar wil byhaal nie.

In elk geval maak hy belangrike en interessante afleidings waarin hy 'n sekere volgorde ten opsigte van die ontstaan van die hemelruim stel, maar ook dan die eenheid en verskeidenheid van die skepping handhaaf.

In die laaste afdeling van die brosjure beoordeel hy sekere uitsprake oor Einstein se relatiwiteitsteorie en kom dan tot die uitspraak dat Einstein nie die laaste woord gesê het nie (47).

Enkele slotopmerkings:

Wat Van der Merwe hier bied, is tog weer 'n moedige poging om die noue verband tussen die Skrifwoord en die Natuurwoord aan te toon. Hy kom ook verder as ander pogings van byvoorbeeld Morris of Du Toit. Hy probeer die gevaar van Biblisisme vermy, maar wil aan die ander kant nie toegee aan die eise van baie wetenskaplikes om 'n kosmologie op te bou sonder om met die Skrif rekening te hou.

Gelukkig sien hy dit self nie as die laaste poging nie (49).

Die geskrif word egter ontsier deur baie tikfoute asook deur verwysings na die persoonlike betrokkenheid van die skrywer, byvoorbeeld dat hy net 1929 matriek-wiskunde het (46). Dit verminder die wetenskaplike gehalte van die werk. Verder is dit jammer dat daar nie 'n uitgewer is wat die werk in die akademiese bloedstroom kan laat beland nie.

Dit is 'n lesenswaardige geskrif wat die twee uiterstes van Biblisisme en Scientisme probeer vermy, al is dit nie altyd geslaagd nie. Sowel teoloë as natuurkundiges kan dit met groot vrug lees veral omdat daar 'n rypheid in is wat die werk meer as interessant maak.

B. Duvenage

SPOELSTRA, B. 1989. **Gereformeerde kerkreg en Kerkregering. 'n Handboek by die Kerkorde.** Pretoria : V & R Drukkery. 489p. R57,00 (hardeband); R45,00 (sagteband). Verkrygbaar by: Registrateur, Teologiese Skool, Posbus 59, Hammanskraal, 0400.

Professor B. Spoelstra was vir negentien jaar aan die Hammanskraalse Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika verbonde, en sy hoofopdrag was die dosering van die ekklesiologiese vakke, naamlik Kerkreg en Kerkgeskiedenis. Tans is hy hoogleraar in Diakoniologie aan die Teologiese Skool van die Gereformeerde

Kerke te Potchefstroom.

In hierdie werk van hom vind ons nie net 'n teologiese diepte op die terrein van die Kerkreg en die Kerkregering nie, maar word ons veral getref deur die feit dat dit 'n kulminering is van rype kennis en insig en praktiese ervaring wat deur die verloop van jare ontwikkel het.

Teoreties uitnemend geskool in sowel Kerkgeskiedenis, algemene geskiedenis en veral in die Gereformeerde Kerkreg, lewer hy hiermee 'n magistrale bydrae. Die boek is sekerlik een van die mees omvangryke geskrifte in Afrikaans oor die Gereformeerde Kerkreg en Kerkregering. 'n Besondere kenmerk van die skrywer is dat hy deurgaans - ten spyte van die invloed wat strominge en rigtings sedert die Reformasie op die gereformeerde teologie uitgeoefen het - sterk aansluiting by die denke en werke van Calvyn vind. Daarby getuig die werk van sy insig in die historiese agtergrond van die Dordtse Kerkorde van 1619, asook van sy deeglike kennis van besluite van nasionale sinodes van die Gereformeerde Kerke wat van 1862 af tot in 1988 geneem is. Sodoende word beslis praktiese waarde aan die boek verleen.

Volgens sy eie getuienis - wat ook in die werk self bevestig word - was hy ten opsigte van die koninkryksbegrip veral leerling van Herman Ridderbos en W.J. Snyman. Hy was ondermeer deur hierdie teoloë gestimuleer om die Kerk en Kerkreg vanuit die koninkryksperspektief te benader en te bestudeer. Sy koninkryks- en bedieningsentriese uitgangspunte (in plaas van 'n eensydige kerksentriese visie) bly dwarsdeur die boek opvallend. Sodoende kon die skrywer hom in hierdie werk ook as 'n ware en selfstandige leermeester bewys.

Spoelstra bied sy behandeling van die 86 artikels van die kerkorde tereg as 'n handboek by die kerkorde van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika aan. Tog is dit meer as 'n gewone kommentaar op die artikels. In die inleidende hoofstuk word 'n oorsigtelike en algemene kerkregtelike oriëntering gegee. Hierin word die metodologiese vertrekpunte, begripsomskrywings en stelsels van kerkregering op tetiese en kritiese wyse verduidelik. Dit is jammer dat hierdie belangrike kerkregtelike aangeleenthede hier nie breër uitgewerk kon word nie, hoewel dit in die lig van die eintlike inkleding en bedoeling van die boek begryplik is. Wat hier ontbreek, word inderdaad verspreid by die behandeling van die vier afdelings van die kerkorde gevind.

Dit is besonder verdienstelik dat hy deurgaans onderskei tussen Kerkreg en Kerkregering. Hiermee word onderskei tussen die Koningsreg (*ius divinum*) van Jesus Christus en die geldende reg wat die kerke op grond van die Skrif en konfessie vasgestel en geformuleer het (*ius constitutum*). Dit moet slegs as 'n onderskeiding beskou word, en nie as 'n konsekwente skeiding nie, aangesien die kerklike orde (kerkre-

gering) probeer om juis die reëlings en opdragte wat Gods Woord ons ten opsigte van die regering van sy kerk leer, vas te stel en te formuleer.

Die leser kom spoedig onder die besef dat die kerkorde nooit as 'n onpersoonlike of objektiewe kanon hanteer moet word nie, aangesien Spoelstra dit deurgaans beklemtoon dat Christus self sy kerk regeer. Hy roep en gebruik dienaars as instrumente om sy regering in en aan die kerke op 'n ordelike wyse te bedien.

In menige opsig vertoon die skrywer oorspronklike insigte, en dikwels gee hy skerp en kritiese kommentaar op heersende opvattinge; hy spreek hom byvoorbeeld sterk uit teen die bestaan van of pleidooie vir kerklike "strukture" en insgelyks teen elke vorm van institusionalisme - veral ook teen kollegialistiese tendense in gereformeerde kerkregering.

Die skrywer is bekend daarvoor dat hy 'n besondere premie plaas op die selfstandigheid van elke plaaslike kerk. Dit kom dikwels ook in hierdie werk na vore. Tog verwaarloos hy nie die feit dat die kerke in kerkverband mekaar in die kerkregering moet bystaan nie (vgl. p. 195). Vir hom lê daar egter 'n besondere aksent op die selfstandigheid en verantwoordelikheid van die plaaslike kerk. Dit kom byvoorbeeld na vore in sy bespreking van sogenaamde kanselruil (p. 38, 81) en in sy behandeling van die binding en aard van sinodale besluite (p. 194-195; ook p. 223). Tereg waarsku hy teen die gevaar van die twee uiterstes,naamlik independentisme en kollegialisme, hoewel hy minder krities teenoor independentisme as teenoor kollegialisme staan (vgl. p.13).

Ruimte ontbreek om in detail op besondere standpunte van die skrywer in te gaan. Interessante diskussie sou kon volg oor enkele gedagtes en kritiekpunte wat in die boek na vore kom. Dit is bekend dat daar dikwels oor sekere kerkregtelike aspekte meningsverskille bestaan. In hierdie verband sou ons kon verwys na enkele voorbeelde waar Spoelstra sy eie mening gee, en waaroor met brug gedebatteer kan word:

- Vroue in die besondere dienste (vgl. p. 33-34; p. 134-135): hoewel behartingswaardige aspekte in die problematiek na vore gebring word, bly dit egter nog vaag en is dit 'n vraag of ons al kerklik volledig deurgedring het na wat Gods Woord in hierdie verband leer.
- Die wese van 'n kuratorium en die wyse waarvolgens oor professore toesig gehou word (vgl. p. 123 e.v.): dit bly 'n moeilike saak om ook hier duidelike en konsekwente definisies te gee.
- Is dit korrek om (ook soos W.J. Snyman te beweer dat Jerusalem op 'n bepaalde tydstip die universele kerk op aarde was?
- Prosedure by die behandeling van beswaarskrifte (vgl. p. 210; 270 e.v.): dit lyk

korrek dat Spoelstra pleit vir die prosedure dat die "kerklike weg" ook ten opsigte van die toepassing van artikel 46 gevolg kan word, solank dit nie die enigste of eksklusiewe metode is nie (p. 272).

- Die teenwoordigheid van diakens by behandeling van sake met betrekking tot skorsing en afsetting (vgl. p. 431): die argumente waarom diakens teenwoordig moet wees, is nie oortuigend nie omdat die kerkraad nie hier oor die waardigheid van moontlike dienaars (ampsdraers) besluit nie, maar oordeel oor die effek van iemand se skuld aan openbare en growwe sondes ten opsigte van sy diens asook ten opsigte van sy persoonlike verhouding met God (die toepassing van artikels 79 en 76 kan sekerlik nie ten opsigte van ampsdraers geskei word nie).

Dit pas ons om die skrywer en die uitgewer hartlik geluk te wens met die verskyning van hierdie handboek. Dit lewer 'n waardevolle vakkundige bydrae, en is 'n groot aanwins vir teologiese studente. Kerkrade en belangstellendes sal ook besondere baat vind by die prinsipiële en praktiese leiding wat vir die regering van die kerk gegee word. Dit is inderdaad nie net vir lidmate van die Gereformeerde Kerke - oor volks- en taalgrense heen - van belang en waarde nie, maar ook vir elkeen wat die Gereformeerde Kerkreg en Kerkregering liefhet!

A. le R. du Plooy

Versamelwerk. 1989. Visie & missie/Vision & Mission. IRS 25 jaar/years (1962-1987). Die reformatories-evangeliese lewensvisie en die toekomstige missie van Christelike hoër onderwysinrigtings in wêreldperspektief/The reformational-evangelical vision on life and the future mission of Christian higher educational institustion in world perspective. Potchefstroom : IRS/PU vir CHO. 147p. Prys: R10,00. Adres vir bestellings: I.R.S., PU vir CHO, Potchefstroom 2520.

Hierdie werk bevat 'n aantal voordragte en is gepubliseer na aanleiding van die viering van die vyf en twintigste bestaan van die Instituut vir Reformatoriese Studies aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys op 12 en 13 November 1987. Benewens 'n vooraf-woord in Afrikaans en (vertaal) in Engels deur die Direkteur van die IRS, bevat dit sewe voordragte, waarvan vyf gelewer is tydens die jubileumkonferensie, en twee by ander geleenthede, maar wat hierby ingesluit is "aangesien hulle goed by die tema inpas en die missie van die PU vir CHO en die IRS verder uitstippel". In die eerste en ook die langste van die voordragte, "Potchefstroom, Afrika roep jou!", gee die Direkteur, prof. B.J. van der Walt 'n bespreking van die grondslag van die Christelike lewensvisie, die Christelike hoër onderwys en die missie van 'n Christelike universiteit. Vervolgens bespreek hy die huidige situasie en behoeftes van die Christendom en Afrika, en sluit af met 'n oorsig oor die kontak wat daar reeds deur die PU vir CHO en die IRS in besonder met Afrika gemaak is.

Die voordrag van mnr. P.Z. Mokwena handel oor "The reformational-evangelical vision of life and the future mission of Christian higher educational institutions in (Southern) African context". Prof. A.M. Wolters bespreek "The reformational-evangelical worldview and the future mission of institutions for Christian higher education in a North American context". Prof. J.D. Dengerink se voordrag handel oor "De reformatorisch-evangelische levensvisie en de toekomstige missie van Christelijke hoger onderwijsinrichtingen in Europese context". Die vyfde voordrag, dié van prof. T. van der Walt, handel oor "Die reformatories-evangeliese lewensvisie en die toekomstige missie van Christelike hoër onderwysinrigtings in Oosterse konteks".

Die laaste twee voordragte, albei deur prof. B.J. van der Walt, handel oor "Relevant Christian theological education for Africa", 'n voordrag wat gelewer is by 'n konferensie oor Bybelskole, gehou aan die PU vir CHO in 1988, en 'n voordrag getitel "Om in U lig te wandel - lewensbly", gelewer by 'n gradeplegtigheid van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte van die PU vir CHO in 1986.

Die werk, wat seker nie 'n groot leserskring sal trek nie, is bedoel vir die akademies-georiënteerde leser wat belangstel in die formulering van die missie van Christelike hoër onderwys en die stand van Christelike hoër onderwysinrigtings oor die wêreld. Die werk gee egter die indruk van 'n potpourri van voordragte wat min of meer 'n samehang met mekaar het, maar nie werklik tot 'n eenheid kom nie. Aan die een kant is daar 'n poging om die missie van die Christelike hoër onderwysinrigting prinsipieel te bepaal; dan is die vraag wat al die ander temas daar maak. Aan die ander kant lyk dit of die (afgesaagde) tema van die stand van Christelike onderwysinrigtings in verskillende wêrelddele met mekaar vergelyk word; dan is die vraag hoe dit juis inpas by die viering van die IRS se vyf en twintigste bestaansjaar. En eintlik lyk dit of daar gepoog is om die taak van die IRS vorentoe, veral ten opsigte van sy roeping in Afrika, te bepaal.

Die voordragte is gepubliseer in die oorspronklike taal waarin dit gelewer is, "om iets van die internasionale karakter van die feesvieringe te laat blyk". Dit kan egter nie geld van die een bykomende voordrag nie, en dit dra alles by om die eenheid van die werk te versteur.

Tog het elkeen van die feesvoordragte sy eie waarde, lewer dit oor die algemeen 'n bydrae tot die nadenke oor die taak en funksionering van die Christelike hoër onderwysinrigtings.

Die twee bykomende voordragte pas nie werklik goed in by die res van die bundel nie. Die tegniese versorging van die publikasie is aanvaarbaar vir 'n publikasie van hierdie aard, behalwe met betrekking tot die voordrag van T. van der Walt, waarvoor die IRS

self die verantwoordelikheid aanvaar ten opsigte van die transkripsie en redigering. Die vorm waarin dit gepubliseer is, doen die referent nie eer aan nie.

Die werk lewer in hoofsaak 'n verslag van die verrigtinge by die byeenkoms ter viering van die vyf en twintigste bestaansjaar van die IRS, en sal daarom ook in die eerste plek nie gewaardeer word om sy aktualiteit nie - daarvoor is die verskyningsdatum te lank na die verrigtinge - maar om sy historiese waarde.

E.J. Smit

SCHUURMAN, E. Genetiese manipulasie - die wysgerig-etiese agtergronde. Potchefstroom : Instituut vir Reformatoriese Studies.

Schuurman is 'n kenner op die gebied van die tegniek en tegnisisme. Hy protesteer teen die beheersingsmotief in die wetenskap wat grenslose wetenskaplik-tegniese manipulasie tot gevolg het. Die wetenskap verloor die visie op die volle lewenswerklikheid omdat dit abstraherend te werk gaan. Die negatiewe effek hiervan blyk ook in die gesondheidsorg. Die beskermingswaardigheid van die lewe word 'n slagoffer van tegniese mag. Voorbeelde waarna hy verwys is aborsie, navorsing op embrio's, embrioseleksie, ensovoorts. Die egte humanisme wat die waardigheid van die mens in beskerming geneem het, het ook die onaantasbaarheid van menslike lewe verdedig, maar hierdie houding hoort skynbaar tot die geskiedenis.

Schuurman beklemtoon dat die Christelike tradisie geen vrede het met die verontmenslikende tegniek nie. Manipulasie van menslike embrios is eties onaanvaarbaar. Elke mens is geskape na die beeld van God en is uniek in God se oë. Die begin van 'n mens lê by konsepsie. Om embrios te selekteer of die menslike ras te veredel, is ontoelaatbaar. Die pretensie van beter as God te wees, sê hy, "roep talle probleme van sosiale, psigiese en juridiese aard op". Wanneer 'n gestremde persoon as lewensonwaardig beskou word, is die dun end van die wig reeds ingedryf.

Omdat navorsing op die terrein van genetiese ingenieurswese eenvoudig voortgaan, is die etiek verplig om met die probleem te bly worstel. Terwyl die magsmotief bevraagteken word, moet die diensmotief gepropageer word.

Verder lê Schuurman 'n sinvolle kriterium aan by die beoordeling van soorte genetiese navorsing. Dit gaan vir hom om *die integriteit van die mens*. Eties gesproke bied die genetiese manipulasie van organe geen probleem nie.

> "Geneterapie op liggaamselle waarby die hele mens in liefde gerespekteer bly, kan 'n bydrae tot verantwoorde gesondheidsorg lewer."

Hier gaan dit byvoorbeeld oor die behandeling van beenmurgsiektes en diabetes. Wat eties uitgesluit moet word, is die manipulasie wat *die hele menslike persoon* raak. Hy noem geslagselle, breinselle en organe wat die persoon van die mens raak.

> "Die beslissende vraag is dus: word 'n deel of die geheel die voorwerp van geneterapie? Die laaste is onverantwoord. Die eerste ... afgesien van die manipulasie van kiemselle ... lyk verantwoord en selfs belowend."

Sy grondreël vir die etiek van genetiese manipulasie is *dat ons sal liefhê, goed sal onderskei en groot verantwoordelikheid aan die dag sal lê.*

Hierdie sinvolle brosjure kan in 'n wye verband diens doen.

Kobus Smit

VAN DER WALT, B.J. 1990. Being human - a gift and a duty. Potchefstroom : PU for CHE/IRS. 89p.

In this booklet the author touches the following issues: man and Bible, man and religion, man and God, man and sin, man and culture, man and history, man and his fellowman, man and office, man and society, man and sexualism.

*Being human - a gift and a duty* is written by an African (not black) who wrestles with the issues of Biblical anthropology for Africa. The traditional African view is challenged from the light of God's world. Van der Walt is calling his fellow African Christians to listen anew to what God's Word says about man. He says "the task of African Christendom is to read the Bible again, this time without blinkers of a dualism or the double focus glasses of one or the other form of the spheres doctrine, but with the correct glasses, given to us by the Bible, which is the glasses of God's all-encompassing Kingdom".

Fellow African ministers, professors and theological students will do well to read this book. I hope it will trigger some of us to form/create theological platforms for discussions on issues raised in this book. I highly recommend it.

P.T. Somerai

MEIRING, P.G.J. 1989. Die gemeente as bondgenote in verwagting. Potchefstroom : IRS/PU vir CHO. Studiestuk No. 255.

In hierdie studiestuk belig die skrywer op 'n besondere manier die spanning van die *reeds* en die *nog nie* soos wat die kerk dit in hierdie bedeling ervaar. Die kerk is veronderstel om die ongelowige wêreld nou reeds iets van God se groot toekoms te

laat sien en te laat ervaar, om nou reeds tekens van die koninkryk op te rig, maar is dikwels niks anders nie as maar net 'n spieëlbeeld van die gebroke werklikheid.

Ten opsigte van die *kerugma* moet die sekerheid van God se koningsheerskappy teenoor die onsekerheid van die politieke en staatkundige toestande verkondig word. *Diakonia* in die sin van konkrete liefdesdiens soos lees- en skryfklasse en 'n sopkombuis, moet gesien word as deel van die kerk se getuienis. *Koinonia* moet iets van die oorwinnende, versoenende liefde waar Jood en Griek, wit en swart tot een nuwe liggaam verenig is aan die wêreld voorhou. *Leitourgia* moet die hoop wat ons koester in die erediens laat neerslag vind.

Die pelgrimskarakter van gelowiges moet - met 'n beroep op Matteus 10 - in tien aspekte na vore kom, naamlik deur die oog op die doel te hou; lig te reis; met oop oë en hande om nood te verlig; saam te reis; die plek van elke medepelgrim te erken; gebalanseerde omsigtige mense te wees; gehoorsaam te wees; geduld te beoefen; martelaarskap te verwag; en met 'n lied op die lippe te reis.

Dit kan alleen gebeur as die pelgrims in die rigting van die Son van geregtigheid - die sekerheid van die triomfantelike koms van Christus - reis, want dan sal die strale van die Son nou al van hulle gesigte af weerkaats.

Sterk aanbevole leesstof. Dit gee perspektief en hoop in ons vinnig veranderende tye en spreek van kinderlike gehoorsaamheid en geloofsvertroue.

Een kritiese vragie: is dit verantwoord om te beweer dat "die nuwe mensheid Jood en Griek, *gelowige* en *ongelowige*, oud en jonk ... tot een liggaam verenig"?

Flip Buys

ANTONIDES, H. 1989. **A Christian Perspective on Work and Labour.** Potchefstroom : IRS/PU vir CHO.

Die skrywer is verbonde aan die *Christian Labour Association of Canada* en skryf vanuit sy ervaringswêreld van die arbeidstoestande in Kanada, maar tog vanuit 'n duidelike reformatoriese perspektief. En dit is veral laasgenoemde wat die brosjure waardevol maak.

Hy toon aan hoedat die twee natureleer van genade en natuur, arbeid nie reg waardeer het nie. Dit was ook die geval by die *Social-Gospel*-benadering. Hy neem sterk standpunt in teen die Marxisties-sosialistiese uitgangspunte en praktyk, maar staan ook gereserveerd teenoor sekere uitgangspunte van die Kapitalisme.

Die gedeelte oor die Bybelse perspektiewe op lewe en werk, gee duidelike rigtingwysers aan vir die arbeidsverhoudinge van vandag. So sien hy die arbeid as uitdrukking van die *servanthood* van die mens waarin die mens antwoord gee op die kultuuropdrag van God. Die invloed van die mag van die sonde in die arbeid is 'n harde werklikheid waarmee rekening gehou moet word. Wanneer hy dan handel oor die verlossing van die arbeid in Christus waarsku hy sterk teen die skeiding van die geestelike en die sogenaamde sekulêre terreine.

Antonides plaas groot nadruk op die verantwoordelikheid van die mens in die beroep asook op vryheid en kreatiwiteit, terwyl juis die skepping van gemeenskap op die arbeidsvloer vir hom betekenisvol is.

In die laaste afdeling van die brosjure spreek hy sy reserwes uit teen die huidige vakbeweging waarin die werkgewer as vyand benader word (15). Hy waarsku teen die sekularisme as 'n vorm van reduksionisme (11) en veral teen die oormatige beklemtoning van die mag van die owerheid in arbeidsverhoudinge in Kanada.

Interessant is dat hy ook sekere reserwes het teen die sogenaamde menseregte omdat die beginsel van gelykheid dan dikwels blyk voorrang te kry bo die beginsel van geregtigheid. Ten slotte meen hy dat daar sterker gesprek in 'n soort forum (21) moet plaasvind tussen arbeid en bestuur in die onderneming.

Hoewel veral die slotgedeelte baie betrekking het op die arbeidsituasie in Kanada, is sy opmerkings tog insiggewend vir ons situasie in Suid-Afrika - ook omdat hier die vakunies polities misbruik word en eerder vyandskap stimuleer as gemeenskap op die werkvloer.

Die brosjure is netjies uitgegee. Daar is beslis 'n sterk behoefte om soortgelyke materiaal ten opsigte van die vakunies in Suid-Afrika beskikbaar te stel en wel vanuit 'n krities Bybels-verantwoorde standpunt.

B. Duvenage

FOWLER, STUART. 1987. **Christian educational distinctives.** 216p. Potchefstroom : Pu vir CHO (Instituut vir Reformatoriese Studies. Studiestuk F2 nr.39.)

Stuart Fowler as Christelike opvoedkundige van Australië stel belang in die betekenis van die Skrif vir samelewingsverhoudinge. In die boek handel hy oor die imperatief tot Christelike onderwys, basiese kontoere vir so 'n onderwys, 'n Christelike kenteorie, die skool as struktuur in die algemeen en as instrument om Bybelkunde tuis te bring, skool en belydenis, terwyl 'n slothoofstuk op die hoofstrekking terugkom.

Die gedagtes is primêr van belang vir die Fundamentele en Empiriese Opvoedkunde - dit sny egter ook die filosofie en lewensbeskouing oor die basiese betekenis van die Skrif en skepping vir die kenteorie, die verhouding tussen samelewingstrukture, opvoeding en onderwys aan. Die basiese strekking het beslis betekenis vir die begrip *Christelike* onderwys en skool en as sodanig betrek dit ook die gereformeerde teologie en basiese kerklike betrokkenheid by ouers, onderwys en skole (vgl. die diagram p. 111). Die naturalisme van die klassieke sekulêre denke (179 e.v.) en selfs die tweerykeleer van die Lutheranisme (185 e.v.) het veroorsaak dat die Westerse denke God en die Skrif nie meer as ter sake beskou het nie.

Fowler skryf konstruktief oor Christelike onderwys en skool en hy bepleit 'n oop, teenoor 'n geslote benadering in die gesprek met religieus-vreemde en humanistiese opvoedkundiges soos Dewey en andere (60 e.v., 114 e.v.). Hy poneer nie onkrities "waarheidsmomente" nie, maar wil norme en benaderingswyses blootlê (p. 60 e.v.) sodat deur middel van indringende vrae waarhede opgevang kan word wat selfs ateïstiese opvoedkundiges met betrekking tot God se skepping ontdek het. Die kritiese vrae kan tegelyk aandui waar die geloofstandpunt van nie-Christelike opvoedkundiges hulle kenteoreties beperk het en so aan kennis van God se skepping te kort gedoen het.

Sy interessante kenteorie (19-76) en die plek van geldige navrae en normebepaling daarin word konkreet geïllustreer met rapporte en studiestukke uit die Australiese situasie (76-85). Daar is 'n duidelike kontras wanneer òf die Skrif òf die Regering as uitgangspunt vir onderwys en die skool geneem word (51 e.v.). Miskien behoort Christelike opvoedkundiges ook opnuut na die situasie in Suid-Afrika te kyk. Ons gee moontlik Goddelike en Skrifgesag voor, maar leef dalk tevrede by geloof dat die hoogste gesag in die gemeenskap setel. Ook die oordrewe plek wat administrasie teenoor die eintlike skoolfunksie gekry het (108), wys Fowler af.

Aan die ander kant maak die soms omslagtige en herhalende taal en styl die gedagtegang moeilik volgbaar. Soms kom daar ook (soos so dikwels in Christelike literatuur) ontkennings voor in 'n poging om die positiewe daarmee te probeer stel. Daarbenewens sê Fowler dat God in die Skepping aan die skoolstruktuur 'n eie, selfstandige plek teenoor die ouers gegee het (98), sonder om dit te bewys. Hy wys Rousseau se samelewingsteorie af (91), maar bewys nie daarmee die skeppingsoorsprong van die "skool" los en parallel naas die ouers (104) nie. Die skool as struktuur is seker meer gewortel in die Grieks-Romeinse wêreld en Westerse kultuur as in die Bybel of skepping. Fowler wil die unieke struktuur van die skool volgens goddelike voorskrifte tuisbring, terwyl hy liewer moes uitgaan van die roeping tot opvoeding en onderwys wat God gegee het. Hy verwerp die idee dat die gesag van die onderwyser deur delegasie van die ouer afgelei kan word (102 e.v.). Hier sou 'n mens kon saamstem, indien hy

eerder die gesag in parallelle en medegehoorsaamheid van ouer en onderwyser aan God fundeer het. Hy wil die ouer ook betrokke by die skool hou sodat hy uiteindelik tog kontradiktories met die rol van die onderwyser en ouer worstel (104 e.v.). Hy oorvereenvoudig waarskynlik ook die rol van die Skrif (107) om verskille tussen ouers en onderwysers te besleg.

Vroeër het gereformeerde kerklike vergaderinge pleidooie vanuit die PU vir CHO vir Christelike onderwys gestimuleer en ondersteun. Daar het 'n windstilte vanaf die sestigerjare ingetree. Hierdie boek kan ons moontlik opnuut weer krities en selfstandig laat kyk na die vraagstuk of ons skole en onderwys vandag daartoe dien dat ons kinders die skepping van God ten volle in die onderwys ervaar. Is *alternative education* noodsaaklik?

B. Spoelstra

VOSLOO, W. 1989. **Méér as net 'n storie.** Tweede verbeterde uitgawe. Pretoria : NG Kerkboekhandel. 270 bladsye. Sagteband. Prys: R29,50

In die "Woord vooraf" word die doel van die boek soos volg gestel: "Die boek wil die leser help om die Ou Testament beter te ken en te verstaan. Die klem val op die verhalende dele wat redelik uitvoerig behandel word, maar sonder om noodwendig al die kleiner besonderhede weer te gee ... Die hoofklem val egter op die boodskap agter die vertellings. Die doel is om die betekenis en boodskap van die vertellings uit te lig om daardeur aan te toon dat die Ou Testament 'méér as net 'n storie' is."

"Die publikasie het verskillende leserskringe in die oog. Eerstens is dit bedoel om studente in die teologie, Bybelkunde en Bybel/Godsdiensonderrig te help om hulle Bybelkennis te verbeter. Verder is daar gedink aan die gewone Bybelleser wat die Ou Testament beter wil verstaan en wat vra na die betekenis daarvan vir die daaglikse lewe ... ook as handleiding vir Bybelstudiegroepe."

"In die hantering van die Bybelse gegewens is daar 'n hoë premie geplaas op die historiese gebondenheid en op die literêre vorm en samehang waarin die stof aan ons oorgelewer is. Dit dien as vertrekpunt vir die formulering van die boodskap van elke gedeelte. Teksverwysing word tot die minimum beperk, aangesien die bedoeling is om die Ou Testament eerder *konteks*matig as *teks*matig te benader."

In ooreenstemming met die doel wat veral op beginners afgestem is, word baie aandag gegee aan die wyse van aanbieding. Elke hoofstuk bevat vooraf 'n aantal vrae om die gedagtes te stimuleer. Dit eindig met vrae wat die kennis en insig toets, asook met 'n opgawe van sake vir bespreking. Verder bevat dit baie tekeninge.

Die boek is in vier dele verdeel: I. Die wording van die volk. II. Die verenigde ryk. III. Die twee koninkryke. IV. Die tempelgemeenskap. Die uitgangspunt vir die verdeling word ongelukkig nie beredeneer of verduidelik nie.

Die skrywer slaag inderdaad daarin om aan te toon dat die Bybel méér as net 'n storie is. Hy bring hierdie feit telkens na vore. Hy sê byvoorbeeld oor Genesis 25-50: "Bo alles word aan ons geïllustreer hoe Hy altyd in beheer van sake bly al gaan wat ook verkeerd". Oor die betekenis van die bevryding uit Egipte wys hy dat dit veel meer meegebring het as net 'n vrye lewe. Dit het ook gelei tot 'n nuwe kennis van God en 'n nuwe verhouding met God, een waarin daar verpligtings op die volk geplaas is. En oor die tien gebooie sê hy: "Omdat God bevry het, dáárom kon Hy ook aan sy volk eise stel". Verder stel hy dit treffend in verband met Ester: "Dit is mense wat beplan, optree en in intriges betrokke raak. God self word nooit by name genoem nie. Tog gebeur die regte ding altyd op die regte tyd. Dit gebeur nie toevallig nie, maar deur die passiewe vorm van die werkwoord te gebruik, word op 'n bedekte wyse gesê dat God dit bewerk het". Die boek sluit af met die wys op die uitsig van die Ou Testament - 'n uitsig op Hom wat sou kom. So voldoen die boek aan die doel wat hy homself stel en kan daarom sterk aanbeveel word.

Hoewel die skrywer aantoon dat die Bybel meer is as net 'n storie, is dit tog 'n vraag of daar nie te veel klem op "storie" is in plaas van op die openbaringskarakter van die Bybel nie. Die opskrif by die heel eerste hoofstuk lui byvoorbeeld: "Lank, lank gelede ... (Genesis 1-11)". Hiermee word Genesis 1-11 in 'n *storie-atmosfeer* (of verhaal-atmosfeer) ingetrek. Die Bybel self bied dit egter nie so aan nie, maar as God se optrede en weg met mense. Die onderopskrif "Abraham se groot waagstuk" as onderdeel van die opskrif "Soos ons vadere vertrou het" roep vrae op. Die begrip "waagstuk" in verband met Abraham se optrede het in die hedendaagse teologiese stromings allerlei konnotasies gekry, waardeur die begrip verwarrend werk. Verder bied die Skrif hierdie gebeurtenis juis nie aan vanuit die invalshoek van watter indruk dit op Abraham gemaak het en watter vrae hy gestel het nie. Daar word inteendeel gesê hoe Gód sy weg met die mensdom ná die stadbou van Babel voortsit deur Abraham, en ondanks Abraham (soos blyk uit sy ongeloof aan die hof van die farao in Egipte).

Ook vrae wat elders opgeroep word, hang blykbaar saam met die boek se benaderingswyse. Die bespreking van Prediker is verwarrend. Daar word gesê dat die boek sterk fatalistiese trekke vertoon. Verder: die Prediker kan nie bevredigende antwoorde vir die lewensvrae vind nie. Al antwoord wat hy vind, is dat God en sy optredes vir die mens onbegryplik is. Daarom is sy lewensbeskouing dat 'n mens die beste van jou lewe moet maak, maar dan op só 'n manier dat jy by God rekenskap kan gee van jou dade. In die slot van Prediker is iemand anders aan die woord en sy woorde het 'n ander

klank ...

Onduidelik is ook wat die skrywer met "Die Sionsteologie" bedoel, en of Jesaja so 'n "teologie" verkondig het.

In verband met Job wys die skrywer tereg daarop dat die oplossing van die probleme nòg in verligting van die ramp lê, nòg in 'n intellektuele antwoord daarop. Die oplossing lê in 'n godsdienstige ervaring. As die mens God as die lewende heer ontmoet het, soek hy nie meer na verklarings vir sy ellendes nie. Dit gebeur omdat sy primêre probleem, naamlik dié van geloof en twyfel in die ontmoeting opgelos word. Die vraag is egter of die skrywer hier nie 'n te swaar aksent op "godsdienstige ervaring" laat val deurdat hy nie die inhoud van die ontmoeting van God benadruk nie: die klem op die soewereiniteit van God wat volgens sy vrymag oor alles regeer en alles bestier.

J.L Helberg

VOSLOO, W. 1989. Great tales ... greater truths. Second revised edition. Pretoria : Orion. 4 afsonderlike dele. Sagteband (tesame 281 bladsye). Prys: R15,00 per deel.

Hierdie werk is 'n Engelse weergawe van *Méér as net 'n Storie* wat in een band verskyn het en wat hierbo bespreek is.

J.L. Helberg

SMUTS, A.J. *red.* 1988. Vernuwing van die erediens. Praktiese teologie in Suid-Afrika. Pretoria : NG Kerkboekhandel. 62 p. R12,50.

Die bundel slaag goed in sy doel, naamlik om 'n herontdekking te maak van wat dit werklik beteken om God in die erediens te ontmoet en te dien.

Die bundel is saamgestel uit die volgende bydraes:

- Wat is die erediens wat vernuwe moet word? (Dr. L.C. Dressel)
- Wie vernuwe die erediens? (Dr. J.A. Laubscher)
- Vernuwing van die erediens. (Prof. A.C. Barnard)

In die eerste bydrae - "Wat is die erediens wat vernuwe moet word?" - stel Dressel die volgende drie basiese uitgangspunte as maatstaf vir enige gereformeerde liturgiese vernuwing, naamlik 'n kritiese evaluering van die geskiedenis, die binding aan die belydenis en die verdiskontering van 'n vyftal Skriftuurlike liturgiese vereistes. Laasgenoemde behels dat die erediens aan die volgende vereistes moet voldoen: dit moet Godgesentreerd, 'n vergadering van die gemeente, 'n ontmoeting met God, 'n

dienende reaksie van die gemeente wees en ordelik geskied.

In sy geheel is hierdie 'n baie waardevolle, kernagtige dog deeglike en Skriftuurlik-begronde bydrae. Enkele kanttekeninge kan gemaak word ter wille van verdere besinning/diskussie:

Myns insiens is daar 'n duidelike saak uit te maak vir 'n beginseën en 'n slotseën eerder as 'n vredes- en seëngroet. Vergelyk die verantwoording van Van der Walt (1982:21-36) hieroor in sy insiggewende werk *Soek die Here in sy tempel*, (uitgegee deur die Potchefstroomse Teologiese Publikasies.)

Dit sou myns insiens meer verantwoord wees om die omvattender *Gods*openbaring as die sentrum van die Skrif te erken eerder as (bloot) die *heilsop*enbaring. God het byvoorbeeld ook 'n onheilswoord vir sy gemeente.

Die onmiddellike konteks van Matteus 18:20 is nie primêr die erediens nie, maar die saamkom van gelowiges in Jesus se Naam met die doel om 'n geskil uit die weg te ruim ter wille van versoening.

Hoe onderlinge diensbetoon van gelowiges *in* die erediens (moet) plaasvind, kon met vrug aangetoon word. Hierdie aspek word immers onderbeklemtoon in die tradisionele gereformeerde eredienste.

Die skrywer verswyg die primêre plek van die Skriflesing in die erediens as ontmoetingsgebeure. Vergelyk in teenstelling hiermee die volgende uitspraak van Van der Walt (1982:48) "Die Skriflesing waarin God regstreeks spreek tot sy volk staan liturgies bó die prediking en vorm dié hoogtepunt van die erediens".

In die tweede bydrae - "Wie vernuwe die erediens?" - begrond Laubscher die vernuwing van die erediens veral in die eskatologiese dinamiek van gemeentegroei. Met die koms van Christus breek die nuwe aeon aan en as Vernuwer plaas Hy sy gemeente in die spanningsveld tussen die *alreeds* en die *nog-nie*. Die nuutgemaakte/herskepte mens moet langs die weg van heiliging al meer word wat hy in Christus is.

As basiese vertrekpunt geld die gebalanseerde verbonds-wederkerigheid dat die mens as vernuwingsagent in diens staan van die groot Vernuwer. Die Heilige Gees werk deur die Woord en skakel die mens in by sy werk, onder andere deur gawes in en aan die gemeente te bewerk.

Die evangelie as inhoud van die erediens kan nie vernuut word nie maar wel die interpretasie daarvan: nuwe insigte, breër perspektiewe en die herontdekking van ou

waarhede. Ook die wyse waarop dit weergegee word, kan wel vernuwe word.

Die gemeente as vernuwingsagent sluit in die liturg, kerkraad, gemeentelede, werkgroepe, ensovoorts.

Laubscher slaag op uitnemende wyse daarin om binne die bestek van hierdie kort artikel die verband tussen God en gemeente as erediensvernuwers te ontgin binne die raamwerk van die eskatologiese koms van Christus en die Heilige Gees.

In die derde artikel - "Vernuwing van die erediens" - stel Barnard enkele hooflyne van vernuwing aan die orde. Hy wys van meet af aan op die onhoudbaarheid van pragmatisme, tradisionalisme en empirisme en kies self vir 'n teologiese begronding van vernuwing waarin uitgegaan word van God en en sy geopenbaarde Woord.

'n Aantal Skriftuurlike kenmerke van die erediens word aangestip en vernuwing word aangedui as 'n terugkeer na die wese van die erediens. Vernuwing realiseer as Goddelike en gemeentelike aktiwiteit. Die groot rol van gebed en gepaardgaande verantwoordelikheid word beklemtoon. Egte vernuwing is nie 'n goedkoop menslike poging nie, maar verg 'n grondige bekering tot God wat self die gemeente lewend maak.

Die erediens as die ontmoeting van die hele gemeente met God word beskou as die middelpunt van die gemeentelike lewe. 'n Besondere mooi greep is die verband tussen die erediens en die daaglikse lewe van die gelowiges, die "liturgie op straat".

Die vernuwing van die erediens as roeping word ruim gemotiveer: die stroom van kritiek teen die bestaande eredienste; die betekenisverlies van die erediens vir baie mense; die wese van die erediens; die aard van die gemeente; die diensbaarheid van die erediens aan die bedoeling van die Here; die ekonomiese aanwending van tyd en kragte; God se oordeel oor versuim van vernuwing; die eindbestemming van die erediens.

Die inhoud van die erediens word vernuut wanneer die gemeente God Drieënig werklik ken uit sy openbaring en rus vind in sy werk ten behoewe van sy gemeente; wanneer die erediens werklik rekening hou met die kontemporêre adres van die Woord; wanneer die erediens werklik plek van ontmoeting met God is; wanneer dit genoegsame geleentheid vir voeding en oefening bied; wanneer die gemeenskap met God volledig beleef word; wanneer die gemeente aktiewe deelnemers is; wanneer geluister word na wat die Skrif self oor die erediens sê; wanneer die Heilige Gees die erediens beheers; wanneer die inhoud aangebied word in die dimensies van verkondiging, lering, viering, diens, getuienis, aanbidding en verheerliking van God; wanneer die gees en atmosfeer van die erediens gekenmerk word deur byvoorbeeld warmte en

liefde, hartlikheid en vriendelikheid, dankbaarheid en vreugde.

Die vorm van die erdiens word vernuut wanneer dit die realisering van die inhoud moontlik maak; wanneer daar 'n balans is tussen bewaring en verandering; wanneer daar die regte spanning tussen vastheid en variasie is; wanneer daar die regte verhouding is tussen vorm/struktuur en vryheid; wanneer die taal en simbole in die erediens vernuut word.

Hierdie bydrae bou sinvol voort op die vorige twee bydraes. In die geheel is hierdie artikel 'n gedeë wetenskaplike en Skriftuurlike verantwoording oor die vernuwing van die erediens.

Die bundel in sy geheel word baie sterk aanbeveel.

Vorster Combrink

# BOEKAANKONDIGINGS

Du Randt, J. 1990. Johannese perspektiewe - inleiding tot die Johannese geskrifte. Pretoria : Orion. 313 p.

Fowler, S., Van Brummelen, H.W. & Van Dyk, J. *eds*. 1990. Christian Schooling : Education for Freedom. Potchefstroom : IRS/PU vir CHO.

Breytenbach, C. 1988. Church in context / Kerk in konteks. Pretoria : NG Kerkboekhandel 132 p. Prys: R25,00.

Botha, J. 1990. Semeîon - inleiding tot aspekte van die interpretasie van die Griekse Nuwe Testament. Pretoria : NG Kerkboekhandel. 209 p. Prys: R30,00

Du Toit, A.B. *red*. 1990. Handleiding by die Nuwe Testament IV. Die Johannesevangelie, Hebreërs tot Openbaring. Kerkboekhandel. 314 p. Prys: R37,50.

Du Plessis, I.J. 1990. 'n Kykie in die hart van God. Pretoria : NG Kerkboekhandel. 156 p. Prys: R42,00.